OOSTELIKE SINODE

VAN DIE NG KERK

Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei...

UITVOERENDE AMPTENAAR
Posbus 73657 LYNNWOODRIF 0040
E-pos finans@sinoos.co.za Webblad www.sinoos.co.za
Tel 012 804 9543/4

Familiebrief 2018/1

5 Maart 2018

RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKETTE VAN LERAARS VIR DIE FINANSIëLE JAAR 1 MAART 2018 TOT 28 FEBRUARIE 2019

Die Algemene Taakspan Predikante Sake het die riglyne vir vergoeding aangepas. Oostelike Sinode se werkswyse is dat hierdie riglyne onveranderd deurgegee word.

'n Dokument wat elk van hierdie aspekte breedvoerig bespreek, is op aanvraag beskikbaar.

Die *Pensioenfonds* voorsien self hulle inligting aan die gemeentes. Die persentasie vir die bydraes word, soos nou reeds die gebruik is, volgens die Totale koste van Indiensneming bepaal. Kontak die bestuurder van die Pensioenkantoor, Theo Smith (012-342 0415), om hiermee behulpsaam te wees.

In die onderhandelinge oor die vergoedingspakkette word die volgende in ag geneem:

1. Totale koste van Indiensneming (TKVI)

Die TKVI riglyn bestaan tans uit die volgende komponente:

- 'n **traktement** met as *minimum* standaard die riglyn traktementskaal soos in punt 2;
- **motortoelae** of 'n ampsmotor gebaseer op die riglyn soos in punt 3;
- gratis **huisvesting** of billike behuisingstoelae soos onderhandel in die lig van plaaslike omstandighede;
- bydrae tot die Predikante **Pensioenfonds** soos ooreengekom;
- 'n bydrae van minstens 50% tot die **groeplewensversekeringskema**;
- 'n bydrae tot die **mediese** skema van minstens 50% van die lid se premie;
- werkgewerbydraes tot die **werkloosheidversekering**
- **ongevalleversekering**;
- ander **toelaes** soos ooreengekom.

2. Traktement

2.1 Die **topskaal-traktement** vir 2018/2019 is met **6.5%** verhoog. Die effektiewe aanpassing vir leraars wat na die volgende kerf gaan, is 10.7%. Neem die huidige 2017/2018 kerf, ken ’n kerfverhoging toe en lees die nuwe waarde van die kerf op die 2018/2019 skaal.

2.2 **Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar werkgewer (naamlik die Kerkraad). Hierdie onderhandelinge moet 'n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die Kerkraad, die verwagtinge en behoeftes van die leraar en die diensooreenkoms tussen die leraar en die Kerkraad.**

2.3 Afhangende van die diensooreenkoms tussen die predikant en die werkgewer word 'n diensbonus, naamlik 'n dertiende tjek aanbeveel. Die bedrag behoort een maand se traktement, sonder enige ander toelaes en voordele te wees.

Kerf	Traktement 2017/2018 Maand	Traktement 2018/2019 Maand	Traktement 2018/2019 12 maande	Bonus 13e tjek	Totaal vir die jaar	Effektiewe aanpassing persentasie
1	13,700	14,590	175,080	14,590	189,670	
2	14,170	15,160	181,920	15,160	197,080	10.7
3	15,220	15,690	188,280	15,690	203,970	10.7
4	16,270	16,850	202,200	16,850	219,050	10.7
5	17,320	18,010	216,120	18,010	234,130	10.7
6	18,360	19,170	230,040	19,170	249,210	10.7
7	19,410	20,330	243,960	20,330	264,290	10.7
8	20,460	21,490	257,880	21,490	279,370	10.7
9	21,510	22,650	271,800	22,650	294,450	10.7
10	22,560	23,810	285,720	23,810	309,530	10.7
11	23,600	24,970	299,640	24,970	324,610	10.7
12	24,650	26,130	313,560	26,130	339,690	10.7
13	25,700	27,290	327,480	27,290	354,770	10.7
14	26,750	28,450	341,400	28,450	369,850	10.7
15	27,800	29,610	355,320	29,610	384,930	10.7

3. Voertuig- en vervoertoelae

3.1 Die voertuig- en vervoertoelaag word bereken volgens die SAID se tabel. Die tabel word egter eers na die begrotingsrede in Februarie gepubliseer. Die ATP het dus in die verlede die vorige jaar se tabel as riglyn gebruik. Die ideaal is egter dat die toelaag direk gekoppel sal wees aan die SAID se tabel vir die betrokke jaar.

3.2 Die ATP beveel dus aan dat 'n eenmalige regstelling gemaak word in die berekening van die voertuig- en vervoertoelaag deur die **werklike** SAID syfers vir 2018/2019 soos in Februarie 2018 beskikbaar gestel, te gebruik.

3.3 Die **vastekoste**-komponent is **R72 983** per jaar. Die **lopende** koste word op **163.5 sent** per kilometer vasgestel. Hierdie komponent word bepaal volgens die gemiddelde aantal amptelike kilometers wat die predikant jaarliks aflê.

3.4 Voorbeelde van berekeninge volgens aantal kilometers:

Aantal km	*Bereken @ 163.5c/km*	*Vastekoste*	*Totaal*
12 000	R19 620	R72 983	**R92 603**
18 000	R29 430	R72 983	**R102 413**
24 000	R39 240	R72 983	**R112 223**

4. Ander voordele

4.1 Amptelike kommunikasie- uitgawes soos vir rekenaar, selfoon en internet behoort per faktuur deur die werknemer van die werkgewer teruggeëis te word, óf direk deur die werkgewer vereffen te word.

4.2 Die gemeente maak ook voorsiening vir verdere opleiding. Dit vorm nie deel van die pakket van die leraar nie.

5. Personeel in diens van die kerkraad

Kerkrade neem self besluite oor die markverwante vergoeding van personeel in die lig van kwalifikasies, werksure en verantwoordelikhede asook die finansiële vermoë van die gemeente.

DS FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR